# SONOP NUUSBRIEF

**Ons deel ons sonstrale met almal.**

13 April 2023

Geagte Ouer/s en Voog(de)

Ons vertrou dat u 'n geseënde Paasfees en skoolvakansie met u gesin beleef het. Die nuwe kwartaal het reeds gister met 'n spoed weggespring. Dit is ons bede dat dit vir ons almal 'n aangename en voorspoedige kwartaal van hartlike samewerking sal wees. Ons bring weer vriendelik die volgende sake onder u aandag.

**1. VORDERINGSVERSLAE**: U word daaraan herinner dat die afskeurstrokie van u kind se vorderingsverslag onderteken moet word en so spoedig moontlik na u kind(ers) se registeropvoeders teruggestuur word.

**2. AKADEMIESE EREKLEURE:** Slegs leerders in gr. 4 tot 7 kwalifiseer vir akademiese erekleure. Tien leerders per graad ontvang ná die derde kwartaal erekleure. Die bepaling vir toekenning van erekleure is as volg: Kwartaal 1 – 25%, Kwartaal 2 – 50 % en Kwartaal 3 – 25%.

**3. ASSESSERINGSPROGRAM:**
Die tweede kwartaal se eerste deel van die assessering sal op dieselfde wyse geskied as tydens die eerste kwartaal. Teen Maandag, 17 April, sal die opvoeders die assesseringsprogram vir gr. 4-7-leerders (toets-, mondeling-, lees- en taak datums) vir die kwartaal aan u per WhatsApp kommunikeer.

Van tyd tot tyd sal opvoeders informele klastoetse skryf wat nie op die assesseringprogram verskyn nie. Hierdie toetse, tesame met 'n memorandum, sal in die werkboeke ingeplak word en self deur leerders nagesien word. Klastoetse dra nie by tot u kind se formele punt nie – slegs assesserings wat op die assesseringsprogram aangedui word dra by tot u kind se punt wat op 'n vorderingsverslag verskyn.
Die doel van informele klastoetse is om leerders aan te moedig om gereeld te studeer en om ook aan ouers die geleentheid te bied om kennis te neem van die wyse van vraagstelling deur die onderskeie opvoeders.

Sien asseblief toe dat u kind deur die loop van die tweede kwartaal getrou werk en nie net tydens die formele eksamen nie.

**4. <u>MIDDELJAAR EKSAMEN</u>: 29/30 Mei tot 12 Junie 2023**

**Gr. 7's -** Die laaste dag van deurlopende assessering (toetse, take, projekte, mondeling en lees) is op Vrydag, 26 Mei. Die formele eksamen vir graad 7-leerders duur vanaf Maandag, 29 Mei tot Maandag, 12 Junie.

**Gr. 4 – 6 -** Die laaste dag van deurlopende assessering (toetse, take, projekte, mondeling en lees) is op Maandag, 29 Mei. Formele eksamen duur vanaf Dinsdag, 30 Mei tot Maandag, 12 Junie 2023.

Werkafbakening en 'n eksamenrooster sal op Woensdag, 10 Mei uitgehandig word.

**5. PUBLIEKE VAKANSIEDAE:**

Soos u reeds weet sal daar twee langnaweke gedurende die tweede kwartaal wees. Die skool sal op die dag vóór die aanvang van hierdie naweke reeds om 12:00 sluit, tensy anders vermeld word.

Eerste langnaweek:

- Donderdag, 27 April (Publieke vakansiedag - Vryheidsdag)
- Vrydag, 28 April (Spesiale skoolvakansiedag)
- Maandag, 1 Mei (Publieke vakansiedag -Werkersdag)

Tweede langnaweek:

- Vrydag, 16 Junie (Publieke vakansiedag – Jeugdag)

**6. WINTERSDRAG:**

Op Dinsdag, 2 Mei sal ons amptelik na wintersdrag oorskakel . Dit is baie belangrik dat ons leerders met die dra van wintersdrag so eenvormig as moontlik sal lyk.

**Let asseblief op die onderstaande voorskrifte rakende wintersdrag.**

**Meisies**:
Die meisies dra hul skoolrokke, tesame met 'n skoolbaadjie en langmou- of kortmou skooltrui. Hulle dra dan lang grys kouse met die maroen strepe. Lang, swart broekiekouse is aanvaarbaar, die swart, wol broekiekouse is warmer as gewone broekiekouse en is by talle afdelingswinkels beskikbaar. Geen sweetpakbroeke word toegelaat nie.

**Seuns:**
Die seuns dra hul lang of kort grysbroeke, tesame met 'n skoolbaadjie en langmou- of kortmou skooltrui. Die seuns mag ook gedurende die **<u>wintermaande</u>**, 'n withemp met lang moue, sonder die skoolwapen dra, maar alleenlik indien dit onder 'n maroen, moulose of gewone skooltrui gedra word.
**Meisies en Seuns:**
Let asseblief daarop dat **maroen** "windbreakers", warm, **maroen** baadjies (jackets), asook ons skool se sweetpakbaadjies op baie koue en reënerige dae, <u>wel binne en buite die skoolgebou gedra mag word</u>, mits u kind ook 'n skooltrui onder die baadjies of sweetpakbaadjie dra. Die warm, maroen baadjie ("windbreaker") of 'n skool sweetpakbaadjie **VERVANG NIE** 'n skooltrui of –baadjie nie.

Indien **serpe** gedra word, mag dit net **maroen** wees.




**<u>Warm Kombersies</u>** kan ook teen R120 elk by die skool se sekretaresses bestel word. U kind se naam en van word op die kombersies borduur. Geen bont komberse in klasse nie!




**7. PA EN SEUN AAND** Ons is baie opgewonde oor die geleentheid vir pa's en seuns om volgende Vrydagaand, 21 April, op ons skool se gronde te kom kuier en oor te slaap. Oupa, oom of voog is meer as welkom! Die reaksie hierop is egter nie so groot soos wat ons verwag het nie. Ons doen daarom nou 'n laaste beroep op u om hierdie geleentheid saam met u seun te kom meemaak. Tye is so onvoorspelbaar en ons moet meer geleenthede aangryp om tyd met ons kinders te spandeer. **Die koste beloop R 380** wat 'n braaipak, geskenk vir pa en verrassing vir die seuns insluit. Die sluitingsdatum is reeds môre (14 April) en ons wil graag finale getalle hê om vroegtydig die aankope te doen.

VERGUNNING: U kan môre net u inskrywingsvorm na mnr. Theron stuur en maak dan asseblief seker om vóór of op Woensdag, 26 April, u betaling aan mnr. Theron te doen.

**8.** **BELANGRIKE DATUMS -** Let op na die onderstaande datums vir die tweede kwartaal. Hierdie datums kan van tyd tot tyd verander a.g.v. omstandighede buite ons beheer.
Leerders ontvang vandag elkeen ook 'n afskrif van hierdie datums vir u gerief.

## BELANGRIKE DATUMS VIR KWARTAAL 2 – 2023

### APRIL

| | | |
|---|---|---|
| Ma. | 17 | RUGBY: o.11 en o.13 A-spanne vs LORRAINE (TUIS)<br>NETBAL vs Frans Conradie TUIS)<br>Ouers (gr. 4-7 leerders) ontvang ASSESSERINGSPROGRAM vir kw. 2. |
| Di. | 18 | LANDLOOP - # 1 Byeenkoms by Bergsig<br>Hoërskool Despatch besoek die gr. 7-leerders |
| Wo. | 19 | RUGBY vs Ankervas (TUIS) – Slegs A-spanne<br>Hoërskool Despatch OPE-dag |
| Vry. | 21 | PA EN SEUN AAND - Koördineerder – mnr. Theron<br>SKAAK A-span vs Albertyn (WEG)<br>SKAAK B-span vs Handhaaf A (TUIS) |
| Ma. | 24 | NETBAL vs Handhaaf (TUIS) |
| Di. | 25 | RUGBY vs Winterberg (TUIS) – Slegs A-spanne. |
| Wo. | 26 | SKOOL SLUIT OM 12:00 a.g.v. LANGNAWEEK |

**LANGNAWEEK**

| | | |
|---|---|---|
| Do. | 27 | PUBLIEKE VAKANSIEDAG: VRYHEIDSDAG |
| Vry. | 28 | SPESIALE SKOOLVAKANSIEDAG |

### MEI:

| | | |
|---|---|---|
| Ma. | 1 | PUBLIEKE VAKANSIEDAG: WERKERSDAG |
| Di. | 2 | WINTERSDRAG VERPLIGTEND<br>LANDLOOPBYEENKOMS # 2 by Bergsig<br>Herinner aan betaling van skoolgeld vir MEI. |

| | | |
|---|---|---|
| Wo. | 3 | RUGBY vs Kirkwood (WEG) – Slegs A-spanne. |
| Vry. | 5 | O.P. SKAAK PROEWE by Brylin School.<br>BLITS FOURIE SPORTDAG - SUSANNAH FOURIE -(Rugby o.11 en o.13B spanne) |
| Sa. | 6 | BLITS FOURIE SPORTDAG - SUSANNAH FOURIE<br>(**RUGBY** o.11A en 13A EN **NETBAL** o.10 A+B, o.11,12 A en o.13 A+B - spanne)<br>O.P. SKAAK PROEWE by Brylin School. |
| Ma. | 8 | NETBAL vs Innes (WEG)<br>RUGBY vs Sunridge – Super 12 (WEG) – Slegs o.11 en 13A-spanne. |
| Wo. | 10 | RUGBY vs Handhaaf (WEG) – o.9, 11 en 13 (A+B-spanne)<br>WERKAFBAKENING: Gr. 4-7) Ouers ontvang per WhatsApp en afskrifte.<br>EKSAMENROOSTER: Ouers ontvang tesame met bogenoemde werkafbakening. |
| Vry. | 12 | SKAAK A- en B- spanne vs Dalrose (WEG) |
| So. | 14 | MOEDERSDAG |
| Ma. | 15 | NETBAL vs Susannah Fourie (TUIS)<br>RUGBY vs Susannah Fourie/ Super 12 (TUIS) Slegs o.11- en 13A-spanne. |
| Di. | 16 | LANDLOOPBYEENKOMS # 3 by Bergsig |
| Wo. | 17 | RUGBY vs Innes (WEG) – Slegs A-spanne. |
| Do. | 18 | HEMELVAARTDAG: Normale skooldag – Verdere kennisgewing volg. |
| Vry. | 19 | SKAAK A-span vs Innes (TUIS)<br>B-span – Geen wedstryd |
| Sa. | 20 | "Stoep tasting" - Sal bevestig word. |
| Ma. | 22 | NETBAL vs Albertyn (TUIS)<br>RUGBY vs Gill/ Super 12 (WEG) Slegs o.11- en 13A-spanne.<br>(Spelers vertrek reeds om 10:30). |
| Wo. | 24 | RUGBY vs Sondagsrivier (TUIS) – Gekombineerde A+B-spanne<br>LET WEL: SPORTLESUUR VIR GR. 4-7 EINDIG VANDAG VIR DIE RES VAN DIE KWARTAAL.<br>(Afrigters kan moontlik oefeninge met sommige spanne reël indien nodig) |
| Do. | 25 | OPE DAG VIR GR. RR, R EN 1 (17:30 – 18:30) |
| Vry. | 26 | SPORT: O.P. SKAAK(26-28 Mei) ("Open" PROEWE) - Plek sal aangekondig word. |
| Sa. | 27 | SPORT: FRANS CONRADIE SPORTDAG<br>RUGBY: o.6 (gr. R); o.7; o.9A en B<br>NETBAL: o.8A en B en o.9 B |
| Ma. | 29 | EKSAMEN begin vir gr. 7-leerders<br>SKOOL SLUIT VANAF VANDAG TOT MAANDAG, 12 JUNIE, OM 12:00 VIR LEERDERS. |
| Di. | 30 | EKSAMEN begin vir gr. 4-6-leerders<br>ESKAMEN EINDIG OP MA. 12 JUNIE<br>SPORT: LANDLOOPBYEENKOMS # 4 by Bergsig (LW – Eksamen) |

## JUNIE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Do. | 1 | Herinner aan skoolgeldbetaling vir Juniemaand. | |
| Vry. | 2 | SPORT: O.P. SKAAK (Trial 4) - Curro | |
| | | LET WEL: ***SPORTLESUUR VIR GRONDSLAGFASE LEERDERS EINDIG VANDAG VIR DIE RES VAN DIE KWARTAAL*** | |
| Sa. | 3 | LAERSKOOL SONOP JUNIOR SPORTDAG | |
| | | NETBAL: | o7-; 8- en 9- spanne |
| | | RUGBY: | o.6-;7- en 8- spanne |
| | | HOKKIE: | o.8- en 9- spanne |
| | | O.P. SKAAK | (Trial 4) - Curro |
| Di. | 6 | SPORT: | LANDLOOPBYEENKOMS # 5 by Bergsig (LW – Eksamen) |
| Sa. | 10 | POTJIEKOSKOMPETISIE | |
| Di. | 13 | Normale skoolure hervat – Geen verdere sportlesure, mits anders deur afrigters gereël. | |
| Do. | 15 | LANGNAWEEK - Skool sluit om 12:00 a.g.v langnaweek. | |
| Vry. | 16 | PUBLIEKE VAKANSIEDAG: JEUGDAG | |
| So. | 18 | VADERSDAG | |
| Di. | 20 | P/FEULJES: | Besigtiging van gr. 1 – 7 + LSEN GF se **leerderportefeuljes** (17:00 – 18:30) |
| Vry. | 23 | SKOOL SLUIT OM 10:00 | |

..........................................................................................................................................

**KWARTAAL 3 – SKOOL HEROPEN OP DINSDAG, 18 JULIE 2023**

## 9. SPELOLIMPIADE

Ons het ongelooflike goeie steun van u as ouers gekry tydens ons jaarlikse spelolimpiade.
Ons het 'n bedrag van **R28 436,50** ontvang!
Baie geluk aan die **graad 2B** klas wat 'n bedrag van R2 065 ingesamel het.




Die leerders wat die meeste geld ingesamel het is:
Emily Vos – R1 000 Graad 2B (Tweede jaar agtereenvolgens!)
Juané van Tonder R 850 Graad 1B
Gabrielle Wagner R 550 Graad 7 C

Nogmaals baie dankie vir u oop hand en mooi, omgee harte!!

## 10. FINANSIES

Ons wil graag 'n beroep op u as ouers doen om u skoolgeldverpligting maandeliks na te kom. Skoolfonds is vooruitbetaalbaar en u derde maandelikse betaling was reeds op 1 April betaalbaar.

U het almal, saam met u kind se vorderingsverslag, 'n skoolgeldstaat ontvang. Gaan asseblief die staat na en maak seker dat al u betalings korrek reflekteer. Indien daar 'n fout op u staat is, vra ons u om so gou as moontlik die kantoor te kontak of per e-pos in kennis te stel by finansies@sonop.co.za

Ons wil ook graag van die geleentheid gebruik maak om die ouers te bedank wat so gereeld hul skoolgeld betaal, sonder u sal ons skool nie kan funksioneer nie!

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.

M.J. KLEYN

13 April 2023